

Saterdag 23 September

Skrifgedeelte: Psalm 32

Fokusgedeelte: Psalm 32:2, 5

Bely en word bevry!

Dawid begin die Psalm deur 'n algemene waarheid te stel: Dit gaan goed met 'n mens as God jou sonde vergewe! Die Heilige Gees wil ons egter ook deur Dawid leer dat sondebelydenis en berou 'n baie belangrike rol hierin speel. Daarom vertel Dawid vir ons wat met hom gebeur het.

Daar was 'n tyd in sy lewe toe hy stilgebly het oor sy sonde en dit vir die Here probeer wegsteek het. Toe hy oor sy sonde geswyg het, het dit sy gesondheid aangetas en dit het gevoel asof die Here se hand swaar op hom druk. Ja, sy sonde het hom letterlik ingehaal en daardie wete was vir hom onuithoudbaar. Toe doen hy die regte ding: Hy bely sy sonde voor die Here. Dit wat hy eers probeer wegsteek het, het hy toe voor die Here ontbloot.

Direk nadat hy sy sonde bely het voor die Here, lees ons in vers 5, sê Dawid: “... en U het my skuld vergewe.” Psalm 32 leer ons dat dit lewensgevaarlik is om oor jou sonde te swyg en om dit te probeer wegsteek en dit nie bely nie. Psalm 32 leer ons egter ook van die wonderlike bevryding van jou sonde in Christus en die genade van skuldvergifnis.

Daarom kan ons ons sonde met vrymoedigheid voor God bely en op sy vergifnis vertrou soos dit in die nagmaal vir ons afgebeeld word. Om dit nie te doen nie, is gevaarlik. Om dit wel te doen is bevrydend!

Sing: Psalm 32:2, 3 (1936)

Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)